

# Geritmiseerde Kerkmusiek

deur L. F. VAN WAGENINGEN

**G**ELYKTYDIG met 'n oplewing van die eg gereformeerde of Calvinistiese lewensbeskouing gewaar ons hernude belangstelling vir een van ons belangrikste en mooiste kulturele erfenisse: ons ou Frans-Hollandse kerkmusiek.


Die geskiedenis herhaal homself. Die 16e eeu bring die reaksie teen dooie formalisme en versteende kerkshied saam met die renaissance op kunsgebied. Die vernuwing van ons kerklike en algemeen kulturele lewensvorme bereik in die 17e eeu 'n hoogtepunt, veral in Nederland, die moederland van die Europese kultuur in Suid-Afrika. Die „Sewe Provinsies” staan op die voorpunt van die Wes-Europese beskawing. In tal van opsigte bereik die Hollands-Gereformeerde volkslewe hoogtes wat later geslagte geesdriftig laat spreek van die „Goue Eeu.” In die agtiende eeu kom daar weer 'n groot insinking, so algemeen en radikaal dat hierdie periode geëindig het en moes eindig met 'n algehele ondergang. Holland word 'n wingewes van die Roomse, nou gerewolusioneerde Frankryk. Die enkele profetestemme wat nog 'n nasionale en Calvinistiese toon laat opklink, is soos eensames in die woestyn. Met Waterloo begin wel 'n nuwe periode, wat egter in nasionale sin en op godsdienstige gebied maar swak is. Die vreemde bly hoog in aansien: die taal is deurspek met vreemde woorde, veral Franse, en die godsdienste met buitelandse, veral Engelse, elemente.

Dat die gereformeerde volksdeel in sulke drukkende omstandighede geen of min aandag aan sy ou kultuurskatte soos ons kerkmusiek gegee het, is amper vanselfsprekend. Dit het met die Vortrekkers ook maar so gegaan. Vir die ontwikkeling van 'n kultuur is 'n lang tydperk van rustige volkslewe nodig. In later jare toe dinge beter begin lyk het, gaan daar stemme op vir die verbetering van die kerkgesang en die herstel van die ritmiese psalmmelodieë. Of daar in Holland ooit ritmies gesing is, kan blykbaar nie vasgestel word nie. Daar word wel so iets beweer, maar niemand het tot dusver daarin geslaag om dit te bewys of dit selfs maar aanneemlik te laat lyk nie.

Maar, word daar gevra, waarom is daar dan in die ou kerkboeke note met en sonder strepe? Hulle dui egter nie 'n melodie-ritme aan nie. Dit wys hul onreëlmatigheid aan. Slegs enkele psalmwysies het reëlmatige kort en lang note: pss. 5, 19, 105, terwyl pss. 89 en 105 slegs enkele nootjies uit die pas is, wat deur die Ger. Kerk in die Afrikaanse psalmboek reggemaak is. As ons werklik ritmies wil sing, en dit verdien sterk aanbeveling, dan kan ons die genoemde psalms maar tot voorbeeld neem en die ander ook, sover die wysie dit toelaat, so ritmiseer. Daar is enkele melodieë wat dwing om koralies gesing te word, soos bv. ps. 75.

Waarom het ons gereformeerdes al die note ewe lank gaan sing? Omdat die s.g. ritme van die psalms vir die singende gemeente te moeilik was. En waarom was hulle so moeilik? Om hul onreëlmatigheid. Dat daar 'n grondige verskil bestaan tussen die paar genoemde en die ander psalms, is nooit raakgesien nie. Dit was dan

ook maar toevallig. Maar hoe het die kort en lang note dan ontstaan? Dit was ter wille van die beklemtoning van die woorde en vir niks anders nie. Die mense, pas uit die Roomse Kerk, moes alles uit die hoof soos 'n spreekkoor leer. Die ou meesters, Louis Bourgeois en maitre Pierre (meester Piet, wat waarskynlik Pierre Vallete was) het natuurlik met die psalmberyming in hul taal, Frans, te doen gehad, die Frans van die 16e eeu. En hulle het bowendien met gemeentede te doen gehad wat grotendeels analfabete was. En nie dit alleen nie — want dit was maar so in



Die skrywer.

alle Europese lande — elke stad en dorp het 'n ander dialek gepraat. Om nou al die mense, waarvan miskien die grootste gedeelte geen skoolgeleerdheid besit het nie, in standaard-Frans te laat sing, met die juiste klem op die woorde, het meester Piet hulle die melodieë volgens die woordritme van die 16e eeuse Frans geskrywe, met kort en lang note, dit wil sê: sonder en met nadruk. Aan hierdie beklemtoning het ons die gestrepte en ongestrepte note in ons psalmboek te danke.

Dit spreek vanself dat by die vertaling van die psalms uit Frans in Nederlands die beklemtoning nie meer oral dienstig was nie. En dit spreek vanself dat by die vertaling of beryming in Afrikaans die ding hoe langer hoe skewer gesak het, veral ook omdat Afrikaans so min woorde met 'n swewende uitgang het.

Soos bekend is, wou die Ger. Kerk die s.g. ritmiese sang herstel. Die Ned. Ger. Kerk het besluit om die s.g. koraliese sang te handhaaf. Die Ger. Kerk het met baie moeikhede te doen gekry, eenvoudig omdat die kort en lang note van die psalmboek ten onregte vir ritme aangesien is. En waar die „ritme” dan te veel in konflik met die Afrikaanse woorde was, is geprobeer om die saak te red deur ander, maar soortgelyke „ritmiserings.” Want die vasgestelde leidraad was: so dig as moontlik aan die ou ritme. Dat die „ritme” wat geen ritme is nie al onritmieser geword het, was te verwagte. Elke poging om deur kort en lang note, lettergrepe of woorde te beklemtoon, kan in die gunstigste geval slegs ten dele slaag, omdat nie al die korresponderende woorde van elke vers presies dieselfde woordritme het nie.

Meester Piet hulle het die woorde van die eerste vers van die ou Franse beryming beklemtoon. Behalwe die nie onbeduidende feit dat moderne Afrikaans 'n ander taal as Frans is, spreek dit vanself dat die oorspronklike beklemtoning nie verwag kan word om pasklaar te wees vir elke woord van elke vers nie. So kan ons die kort en lang note vir hierdie doel maar liever laat staan en meer let op die melodie self. Want dit is volkome waar wat mnr. Van Oostrum in *Die Huisgenoot* van 16 Junie geskrywe het: die melodie van „Hoe zal ik U ontvangen” is glad nie paslik vir ps. 130 nie. 'n Ooreenstemmende versbou is nie genoeg rede vir die oorname van 'n melodie nie. Dit kan soms danig verkeerd wees, al is die wysie nog so „singbaar.” Probeer maar om twee versies van ps. 120 (Afr. Ber.) op die bekende melodie van ps. 36 (68) te sing.

Meester Piet hulle het nie met hul kort en lang note bedoel om te ritmiseer nie, en tog het hulle by die bogenoemde psalms mooi ritmiese melodieë geskrywe. En van baie ander is die ritme gedeeltelik goed. So goed selfs dat sommige van hulle, o.a. ps. 101, in my jongdae „met aangenaamheid in het hart” gesing is. Ons het daarby egter nie angsvallig gelet op elke voorgeskrywe kort of lang nootjie nie; triole en sinkopes het ons meestal verontagsaam en ons laat gaan op die natuurlike golwings van die pragtige melodieë. Vanwaar die „aangenaamheid”?

Das ist die Gewalt des Rhythmus, dass unwillkürlich alles mit muss!

het Schiller gesê, en hy het die spyker op die kop geslaan. So is ritmies sing; besielend, meevoerend, verheffend, geesdrifwekkend. En al is koralies sing nou nie juis in alles die teenoorgestelde nie, omdat koralies sing ook sing is, tog is daar 'n groot verskil, 'n beduidende graduele verskil.

Feite is hard, en een waarmee ons te doen het, is die besluit van die Ned. Ger. Kerke om nie ritmies nie maar koralies te sing. Dit wil sê: die ou psalmmelodieë wat nog oorgebly het, sal almal met ewe lang note gesing word. Daar is 82 van hulle. Die ander het nuwe wysies gekry. En daar is van hulle met 'n baie lewendige ritme. Enkele hiervan het selfs al baie gewild geword. Met hierdie kompetisie bejammer ek die lot van wat deskundiges ons ou kultuurskatte noem.

Daarom het ek van die mooi ou melodieë geneem en verwerk tot vierstemmige koorstukjies. Dan kan die gemeentes hoor hoe mooi die groot meerderheid van die verwaarloosde kultuurskatte is, en ook hoe welluidend suiwer geritmiseerde kerkmusiek is.

Die ou gesonde Calvinistiese lewensbeskouing kom weer hoog. En met sy opkoms vra die gereformeerde volk weer na wat sy eie is. En tot dié eie behoort ons kerkmusiek wat vier eeue oud is — 'n besit waarop ons trots behoort te wees en wat ons sal waardeer in dieselfde mate waarin ons dit weer leer ken. Mag die geritmiseerde kerkmusiek meehelp om meerdere bekendheid aan 'n steeds groter gedeelte van ons pragtige ou psalmmelodieë te verskaf.